NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

17 September 2026

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Gemeenteskribas

**OMSENDSKRYWE 34/2026**

Geagte broers en susters,

## AUGUSTUS 2026-LIDMAATTELLING

Die 66ste Algemene Kerkvergadering het besluit dat die Augustus-sensusopname verpligtend is. Die doel van dié sensusopname is om die Raad van Finansies in die opstel van die begroting vir die 2027/2028 finansiële jaar te ondersteun.

Die opdatering van gemeente-inligting en lidmaattellings geskied met behulp van die E-Almanak-toepassing. U sal dit in *Teams* onder die groep NHKA E-Almanak>>Toepassings>> E-Almanak aantref. Sien asseblief die aangehegte E-Almanak-intekeninstruksies.

Die lidmaattellings wat u op die vorm invul, word gebruik om u gemeente se sinodale offergawes en ander betalings vanaf Maart 2027 te bepaal en te verhaal.

Let asseblief op die volgende:

* Lidmaattellings word slegs aanlyn voltooi.

* Geen ander vorm van kommunikasie van lidmaattellings word aanvaar nie aangesien die data elektronies verwerk word. Daar is voorsiening gemaak vir die druk van die vorm nadat u dit voltooi het.

* Let asseblief daarop dat die openingsyfers altyd Februarie se eindsyfers is en nie verander kan word nie.

* Die lidmaatgetalle wat u indien, is die sleutel in die berekening van

  ** sinodale offergawes.
  ** barmhartigheidsoffergawes.
  ** werkgewersbydraes ten opsigte van die pensioenfonds.
  ** die mediese subsidie aan emeriti.

* U aandag word daarop gevestig dat die Augustus-tellings NIE in 2027 se *Almanak* gepubliseer word nie, maar slegs die Februarie-telling.

* Die sperdatum vir indiening van u Augustus-lidmaattelling is 15 Oktober 2026.

* **Neem asseblief kennis dat indien hierdie inligting nie betyds ontvang is nie, die gegewens van die 2027-*Almanak* se opgawe (Februarie 2026) gebruik gaan word.**

Kontak asseblief vir mnr Wouter van der Merwe (012 322 8885/073 960 5305) of mev Jianni Joubert (061 310 0850/012 322 8885 x3026) tydens **kantoorure (Maandag tot Vrydag; 07:00 tot 15:00)** vir enige IT-ondersteuning.

Baie dankie vir u dringende aandag aan hierdie saak.

Beste wense,

**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JM Bevolo-Manders***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za